'n Geloofofferbelofte is...

... 'n belofte *onder leiding van die Gees* om 'n bepaalde bedrag vir die uitreik– en getuieniswerk van die gemeente te gee in die vertroue dat die Here self daardie bedrag sal voorsien. (Vgl Gen 22 en 2 Kor 8 en 9)

... nie deel van jou huidige inkomste-begroting nie en dus ook nie deel van jou tiende of dankoffer nie. Dit moet dus nie jou maandelikse dankoffer beïnvloed nie.

... is 'n belofte wat aan die Here gemaak word. Dit word nie aan die gemeente of aan die kerkraad gemaak nie. Daarom sal niemand daaroor rekord hou of dit by jou kom kollekteer nie. Dit is en bly 'n saak tussen jou en die Here.

Die Here voorsien op baie maniere:

- deur onverwagse "meevallers"
- deur ons te help om 'n ekstra inkomste te genereer.
- deur ons te help om ons 'n uitgawe-prioriteite te herrangskik.

Hoe dra ek by?

Daar is verskeie maniere om jou geloofoffer te gee:

- Plaas jou bydrae in 'n koevert en merk baie duidelik op die koevert dat dit 'n geloofofferbydrae is.
- Gee jou bydrae vir die dienswerker wat jou dankoffer kom insamel.
- Plaas jou bydrae elektronies oor deur middel van die internet: ABSA Lyttelton, Rek no. 4050 438 756.
- Vul 'n debietordervorm by die kerkkantoor in (skakel met Sexta Maree, 664-4458(k) of 664-1506-(h))

LYTTELTON-OOS

...WAAR GEWONE MENSE DISSIPELS VAN JESUS CHRISTUS WORD

NG Gemeente Lyttelton-Oos
Posbus 14575
Lyttelton
0157

Telefoon: 012-664-4458
Faks: 012-664-4458
E-pos: ngk@lytteltonoos.org.za

LYTTELTON-OOS GEMEENTE

Wat is 'n geloofoffer

Tel: 084 5818 139

Lees die volgende aangrypende verhaal ...
(soos vertel deur Oswald Smith)

Ek was leraar van 'n groot gemeente in die stad Toronto. Weldra het ek bedank en leraar geword van 'n kleiner gemeente, maar wat geweet het hoe om te gee vir die werk van die Here.

Ek het my amp op die eerste Sondag van Januarie aanvaar. Die gemeente het sy jaarlikse sendingkonfe-rensie gehou. Van so 'n konferensie het ek niks geweet nie—dus het ek net op die verhoog gesit en toekyk. Die dia-kens het aan elkeen 'n kaartjie uitgedeel. Kort daarna het een van hulle die ver-metelheid gehad om met die paadjie af te stap en vir my—die leraar—een van die kaartjies te gee. Ek het net daarmee in my hand gesit. Nooit sal ek daardie oomblik vergeet nie. Ek onthou dit so goed asof dit gister gebeur het.



Toe lees ek: *Deur die genade en hulp van God onderneem ek gelowig om behulpsaam te wees om die wêreld vir Christus te wen deur 'n bydrae tot die sendingaktiwiteite van my gemeente te maak ...* Nog nooit het ek so 'n verklaring gelees nie! Min het ek daardie oggend geweet dat God besig was om my 'n onvergeetelike les te leer en dat ek dit weer in die toekoms aan talle ander gemeentes in die land sou leer.

Eers het ek begin bid. Ek het gesê: *Here, ek kan niks gee nie. U weet dat ek niks het nie. Ek het nie 'n sent in die bank nie. Ek het niks in my sak nie. Hierdie gemeente betaal my slegs R25 per week. Ek moet vir my vrou en kind sorg. Ons probeer 'n huis koop en alles is peperduur.* Dit was alles waar, want dit was tydens die Eerste Wêreldoorlog.

Ek weet, antwoord die Here. *Ek weet jy het niks in jou sal of in die bank nie.*

Nou ja, sê ek, *dan is die saak afgehandel. Ek gaan dus niks gee nie.* Toe praat die Here weer. Ek sal dit nooit vergeet nie. *Ek vra nie wat jy het nie,* sê Hy. *U vra nie wat ek het nie, Here? Wat vra U dan?* antwoord ek. *Ek vra 'n belofte wat jy in geloof maak. Ek sal dit voorsien. Vir watter bedrag kan jy my vertrou?*

O, Here, roep ek uit, *dis 'n ander saak. Vir hoeveel kán ek u vertrou?*

Natuurlik het ek absoluut niks geweet van Geloofofferbeloftes nie. My hele lewe lank het ek nooit so 'n offer gebring nie. Maar ek het geweet dat God besig was om met my te praat. Ek het gedink Hy sal miskien R5 of selfs R10 sê. Een keer in my lewe het ek R5 vir sendingwerk gegee. 'n Ander keer R2. Maar nooit meer nie. Ek het amper gebewe terwyl ek wag.

Weldra het die antwoord gekom. Nou verwag ek darem nie u moet glo dat God hoorbaar met my gepraat het nie, maar dit kon net sowel gewees het. Ek was skaars bewus van die gemeente terwyl ek met toe oë sit en luister het na die stem van God. Daardie oggend het God met my gewerk, hoewel ek dit nie op daardie stadium besef het nie.

Hoeveel kan ek gee? het ek gevra.

Vyftig rand.

Vyftig rand! het ek uitgeroep. *Maar Here, dis twee weke se salaris! Waar gaan ek ooit R50 kry?*

Maar weer het die Here gepraat en die bedrag was dieselfde. Dit was so duidelik asof Hy hoorbaar met my gepraat het. Vandag nog onthou ek hoe my hande gebewe het toe ek my potlood neem, my naam en adres neerskryf en die bedrag R50 invul.

Hoe ek betaal het, weet ek tot vandag toe nie. Al wat ek weet, is dat ek elke maand vir R4 moes bid en elke maand het God dit op 'n wonderbaarlike wyse gestuur. Aan die einde van die jaar het ek die volle bedrag gehad—R50!

Maar dit moet ek duidelik stel—ek was so geseënd, my hart was so vervul met die Gees, dit was sos opwindend dat, toe ek die finale bedrag betaal, ek besef het dat dit een van die wonderlikste ervarings in my lewe was. Van toe af het ek die bedrag nog meer vermeerder ... . U sien, niemand kan meer as God gee nie.

As ek gewag het totdat ek die geld gehad het, sou ek dit nooit kon gegee het nie, want ek sou dit nooit gehad het nie. Maar ek het gegee toe ek niks gehad het nie. Ek het 'n Geloofofferbelofte gebring en God daarmee vereer.